



**CHRISTUS IN MY: DIE LEWE WAT NIE MEER MYNE IS NIE**

📖 *"Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in (van) die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het." Galásiërs 2:20*

Daar is sekere waarhede wat so groot is dat die menslike verstand dit maklik hoor… maar **selde werklik glo.** Ons lees dit, ons beaam dit, ons herhaal dit selfs, maar dit bly dikwels op die oppervlak van ons denke, soos lig wat oor water speel sonder om ooit die diepte te bereik. En tog, in hierdie enkele vers lê een van die mees radikale waarhede van die Christelike lewe: jy leef nie meer **vanuit jouself** nie, **Christus leef in en deur jou.**

Die vraag wat sag maar dringend oor ons harte fluister, is eenvoudig: Wanneer gaan ons dit **werklik begin glo?** Wanneer gaan hierdie waarheid ophou om net 'n konsep te wees en begin om 'n **ervaring te word?** Want as dit waar is, en dit ís, dan beteken dit dat daar 'n **Krag** in ons woon waarop ons kan staatmaak (1 Kor. 1:24). 'n Bron wat nie uit ons eie vermoë spruit nie, maar uit **God self.** Ons hoef nie meer die lewe te probeer dra met ons eie swak hande nie.

Vriende, wanneer 'n mens **weergebore** word, gebeur daar iets wat nie deur gevoel bepaal word nie, maar deur feit (Joh. 1:12-13; 3:1-8). God, **Vader, Seun en Heilige Gees,** kom woon **binne-in** jou. Dit is nie 'n moontlikheid nie; dit is 'n werklikheid, so seker soos die wet van swaartekrag. En saam met hierdie nuwe lewe kom nog iets merkwaardig: *"...sodat julle daardeur **deelgenote** kan word van die **goddelike natuur**…" 2 Pet. 1:4*

Jy word nie net **vergewe** nie, jy word 'n **deelgenoot van Sy natuur.** Die lewe wat in jou begin het, is nie 'n verbeterde weergawe van jou ou self nie; dit is die lewe van Christus self wat nou in jou woon. Dit is asof die hemel self 'n woning binne jou gevind het. En tog, hoe maklik vergeet ons dit. Ons leef dikwels asof ons alleen is, soos drenkelinge in 'n groot see, besig om te spartel en na enigiets te gryp wat ons kan laat dryf. Ons hou vas aan godsdienstige gewoontes, pogings, hernude beloftes, nie omdat dit lewe bring nie, maar omdat ons bang is om te sink. Ons *"wy"* onsself weer en weer toe, asof ons probeer herstel wat reeds volkome gemaak is… *"Dedication and rededication!"*

Maar luister mooi: As jy waarlik weergebore is, kan jy nie **weer oor gebore word nie.** *"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel…"* (2 Kor. 5:17-21). Weergeboorte is nie 'n proses wat oor en oor herhaal word nie; dit is 'n eenmalige, beslissende gebeurtenis. In 'n oomblik word jy met God versoen. In daardie oomblik sterf jou ou lewe saam met Christus, en 'n nuwe lewe staan op in Hom.

Die probleem lê dus nie in ‘n gebrek aan lewe nie… maar in ‘n gebrek aan **openbaring.** Dink aan iemand wat ‘n groot erfenis ontvang het, maar dit nooit gebruik nie omdat hy nie weet dit behoort aan hom nie. Hy leef in armoede, nie omdat hy arm is nie, maar omdat hy onbewus is van sy rykdom. So leef baie Christene, ryk in Christus, maar arm in ervaring.

Hier lê die uitnodiging aan jou vandag: Om op te hou spartel… en **vind jou rus in Hom.** Want die lewe waarna jy soek, is ‘n Persoon, Jesus Christus. En as jy Hom aangeneem het met jou hele hart, leef Hy reeds in jou.

💭 **Nadenke:** Glo ek werklik dat God in my woon? Waar in my lewe voel ek soos ‘n *“drenkeling”* wat probeer oorleef, eerder as iemand wat reeds Lewe ontvang het?